# 18 Oktober 2023 - Lesing 156 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die stem van die gewete – 13/9/60

**NO: 7698** Julle moet na julle voleinding gelei word en daartoe het julle My ondersteuning nodig. Want julle het eens alle krag weggegee **en het swak, liglose skepsels geword wat so lank in die diepte moes bly**, totdat My Liefde julle gegryp het en weer uit die diepte omhoog gehelp het.

Nou is julle wel al in 'n sekere graad van rypheid, maar dit is nie voldoende om julle weg opwaarts te waarborg wat julle nog moet aflê tydens julle aardse lewe nie.

Daarvoor het julle My Krag en My leiding nodig. En as julle nou self van julle swakheid bewus is, en om julle heenkyk vir hulp, dan staan Ek reeds aan julle sy en wag slegs dat julle My bystand versoek. **Maar hierdie versoek moet julle in julle vrye wil tot My rig**, omdat daar van My kant af **geen enkele dwang** op julle wil uitgeoefen sal word nie.

Maar Ek is te alle tye bereid om julle die gevraagde hulp te verleen, soos wat Ek julle ook altyd van krag sal voorsien as julle dit maar begeer. En sodat daar in julle die verlange daarna opgewek word, laat Ek julle soms julle swakheid en duisternis besonder sterk voel. En dit is slegs 'n teken van My Liefde vir julle, omdat Ek julle daardeur vir My wil wen en julle daartoe wil beweeg sodat julle My vrywillig om hulp sal vra.

**Daarom moet julle ten eerste in My glo**. En daar word ook aan julle kennis oorgedra dat daar 'n God en Skepper is wat julle slegs hoef aan te neem en daaroor na te dink, **wat julle dan vanuit 'n goeie wil ook tot geloof in staat stel**.

Julle kan daarvan verseker wees dat Ek julle aan 'n vaste geloof help as julle maar net die wil het om korrek te dink en te handel, as julle maar gehoor sal gee aan **die innerlike stem** wat aan julle altyd die korrekte weg sal wys.

En My stem klink in elke mens **soos die stem van die gewete,** maar dit kan na geluister of ook nie na geluister word nie, dit hang slegs af van die wil van die mens.

So sal die stem van die gewete die mens ook in kennis stel oor **wat goed en wat verkeerd is.** Hy word deur die stem van die gewete onderrig in die grondwet, **in die liefde.** Want as mens weet hy presies wat hom vreugde en welbehae verskaf of wat hom lyding en ellende veroorsaak.

Daarom kan hy ook teenoor sy medemens so handel dat dit hom tot welsyn dien en hy kan hom teen skade aan sy liggaam behoed. **Dus kan die liefde ook in hom ontwaak**, en met die liefde kan die lig van insig hom dan ook verlig.

Elke mens kan tot die korrekte denke en handeling kom. Want vanuit My is in hom die **fynsinnige gevoel** geplaas wat deur die stem van die gewete tot uitdrukking kom. En sodra hy aan hierdie stem aandag gee, kan hy **sy wese**, wat in die begin van sy beliggaming as mens, nog sterk met eieliefde behep was is, **verander tot naasteliefde**. Dan is die sekerheid ook gegee vir 'n sterk en lewende geloof in My, sy God en Skepper.

Dan sal hy ook spoedig in My sy Vader herken wat hom liefhet en hom na Homself toe wil trek. Hy sal hierdie verbinding in vrye wil nastrewe en Ek sal hom steeds nader aan die voltooiing kan bring, want Ek skenk aan elke mens hierdie hulp. **Ek laat geen mens in swakheid en onwetendheid nie,** Ek is en bly sy Leier gedurende sy hele aardse lewe, solank hy homself nie teen My verset nie, **solank hy sy wil deur die stem van die gewete laat beïnvloed**.

En dit sal steeds geskied wanneer die siel gewillig is om die doel van die aardse lewe te bereik. Dan kan die mens altyd daarvan verseker wees dat van My kant af alles gedoen word om hom help om homself te voltooi, dat hy nooit aan homself oorgelaat is nie en ook verseker sy bestemming sal bereik. Amein.